Tema: Ons toekoms is veilig en verseker by God, ons Herder.

Vooraf sang
Ps 146-1: 1, 2, 8
Lied 200: 1, 2
Ps 33-2: 1, 5, 6 (staan op vir ontmoetingslied: vers 7)

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 33-2: 7
Votum
Seën;
Loflied Ps 47-1: 1, 3, 4

Verootmoedigingsdiens
Wet: fokus op derde gebod; HK Vrae 99 en 100
Sing Ps 135-1: 1, 8, 11
Gebed

Woorddiens
Skriflesing**:** Psalm 23
Teks: Psalm 23 vers 6 (Nuwe Direkte vertaling)
Sing Ps 23-2:3
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Belydenis van geloof: Psalm 23 (1983 vertaling) almal hardop saam
Liefdegawes
Gebed
Sing Lied 588: 2, 3;
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

As ons vanmore – in die lig van psalm 23: 1 – 5 moet terugkyk op ons lewe, watter geloofsreaksie sal dit by ons bewerk? Kom ons dink vir ’n oomblik net terug aan die boodskappe wat ons gehoor het:
In vers 1 het ons geleer: Ons Herder sorg vir alles, ons sal niks nodig hê nie. Ons moet tevrede wees met wat ons ontvang.
Vers 2 se boodskap was: Vertrou op die goeie leiding van God, jou Herder.
Wanneer die rus verdwyn en die skapehonger word, kan ons eenvoudig vertrou op die Herder wat die pad na die volgende rusplek ken.
In vers 3 het die Here ons vermaan met: Volg jou Herder sodat jy reg kan lewe tot sy eer.
Daar het ons gehoor dat skape maklik wegdwaal maar God, ons Herder, kom haal ons, draai ons lewe om en laat ons op die voetspore van Christus loop tot die eer van sy Naam.
Onthou julle nog vers 4 se wonderlike troosboodskap: Ek is gerus want my Herder berei my voor vir en is by my in die donker tye.
Vers 5 het ons herinner met die blye boodskap dat: By God, ons Herder, die lewe ’n fees is.

Geliefdes, wanneer jy so nadink oor ons Herder en die pad wat Hy met ons loop dan kan jy nie anders as om met ’n geloofsbelydenis te reageer nie! Dat jy wil uitroep: Waarlik Here, by U is ek veilig! By U is daar regtig vir my hoop! By U is ons toekoms veilig! As dit is hoe U, ons Herder, ons lei, dan vrees ek nie die toekoms nie want **– en dit is die boodskap van vers 6 – Ons toekoms is veilig en verseker by God, ons Herder.**

Br. en sr., dit is presies ook hoe Dawid hier reageer in die laaste vers. Julle sal onthou dat ons by vers 1 gesê dat Dawid hierdie psalm waarskynlik geskryf het toe hy reeds ’n bejaarde man was. Toe hy aan die einde van sy lewe gekom het en terug kon kyk op die pad wat God met hom geloop het! En hier in vers 6 kom Dawid – in die lig van God se leiding **– tot ’n geloofsbelydenis oor die toekoms saam met sy Herder**. Hy kyk vorentoe oor die stukkie pad wat nog oor is.

Vers 6 begin met die Hebreeuse woord “aak” wat twee betekenisse het. Die eerste betekenismoontlikheid is “waarlik” of “verseker” en die tweede een is “net” of “alleen”. Die meeste Afrikaanse vertalings kies vir “net”. “Net goedheid en guns.....”. Die meeste Engelse vertalings kies vir “waarlik”. “Waarlik, goed en guns.....”. Dit lyk vir my asof die tweede vertalingsmoontlikheid hier die beste pas! Dis tog duidelik dat Dawid hier in vers 6 nou gaan saamvat en tot ’n konklusie kom oor alles wat Hy saam met sy Herder beleef het. En sy reaksie is ’n stille, diepgewortelde geloofsbelydenis: Waarlik! Dit is seker! Dit kan nie anders nie!
Wanneer ek nou na die res van my lewe onder leiding van my Herder kyk, dan weet ek verseker dat die toekoms by God veilig is! Dit is verseker, dit is waar en vas!

Wat is waar en vas? Van twee dinge kan ek in die toekoms seker wees:
1. God se sorg tot in ewigheid en
2. God se persoonlike teenwoordigheid in my lewe – ook tot in ewigheid!

Dawid is seker van God se sorg! Hy sê: God se goedheid en God se troue liefde sal hom agtervolg al die dae van sy lewe!
God se goedheid wys op al die goeie fisiese en materiële sorg van die Here soos Dawid dit reeds in die verlede ervaar het. Die Here sal ook vir more en oormore sorg! Ek hoef my nie daaroor te bekommer nie!

Maar God se troue liefde sal my ook agtervolg. Dit dui op God se geestelike sorg! Dat my geestelike lewe veilig by God is en dat ek sekerheid kan hê dat ek God se kind in Jesus Christus is en dat ek op pad is na my ewige erfenis. Dat my sonde vergewe is en dat ek telkens weer deur die krag van die Heilige Gees my Here kan dien.

Het julle gehoor hoe stel Dawid dit? Hy sê: God se "goedheid en troue liefde sal hom **agtervolg.**..." Hoekom stel Dawid dit so snaaks? God se materiële en geestelike sorg sal my agtervolg? Ek sal nie daarvan kan wegkom nie? Dit volg my orals waar ek gaan? **Sommige verklaarders dink hier aan die beeld van twee skaaphonde wat die kudde van die Here by mekaar hou**. Die een se naam is "Goedheid" en die ander se naam is "Troue liefde". En die oomblik as ek van die Herder en die kudde wil wegdwaal met my kommer oor die dag van more en al die aardse sorge wat ek dra, dan kom haal "Goedheid" my, hy blaf hier agter my en bring my terug na die kudde! Hy laat my onthou dat die Here sal sorg.

Of as ek van die kudde wil wegdwaal met my twyfel oor my kindskap, as die duiwel my beetkry om te twyfel aan God se troue liefde vir my en sy genade dat ek regtig gered is en kind van God is, dan kom haal "Troue liefde" my en bring my terug na die kudde. Terug na sekerheid.

Alhoewel dit 'n mooi beeld is, dink ek nie dit is 'n Ou Testamentiese beeld nie. Hulle het nie in Dawid se tyd van skaaphonde gebruik gemaak nie! **Nee, hier praat Dawid alreeds Nuwe Testamentiese taal! Hy praat van die Here Jesus se belofte dat Hy altyd met ons sal wees tot die einde van die tyd. Hy praat van die Heilige Gees wat by ons sal bly en van wie ons nie kan wegkom nie!** Die Heilige Gees wat my vergesel op die pad van die toekoms en wat my altyd herinner aan God se sorg en troue liefde. Wat my **herinner dat die Here sal sorg as ek in my swakheid toelaat dat kommer my oorweldig**. Die Heilige Gees wat **my herinner dat Jesus waarlik vir my sonde betaal het** en dat ek altyd deel van God se kudde sal bly. Al val die duiwel my ook hoe aan my twyfel oor my sonde en struikeling!

Geliefdes, omdat God die Heilige Gees ons agtervolg, omdat ons nooit kan wegkom van sy teenwoordigheid nie, daarom is ons toekoms veilig en verseker. Ons sal altyd deur God versorg word vir alles wat ons nodig het. Ons hoef nie vir die toekoms bang te wees nie.

Wanneer ons na die realiteite van vandag kyk, dan kan ons maklik hieraan twyfel. Dit lyk dan so asof alles uit mekaar val! Asof ons van niks seker kan wees nie! Ons parlement

val uit mekaar! Polities dryf die groepe in ons land al hoe verder weg van mekaar. Ons samelewing val uit mekaar! Ons is nie meer van veiligheid of sekuriteit seker nie! Nie van werksekerheid nie want dit lyk asof die ekonomie net meer en meer agteruitgaan. Werksgeleenthede word minder en werkloosheid word meer. Ons is nie meer van fisiese veiligheid seker nie want ons beskermingsdienste kan ons nie meer beveilig nie. Ons moet dit nou self doen met buurtwagte en alarmstelsels.

Geliefdes, God, ons Herder, kom herinner ons vanmore deur sy Gees dat "goedheid en troue liefde" ons sal agtervolg al die dae van ons lewe! Ons Herder sal sorg! Ons hoef nie bang te wees nie – ons toekoms is veilig en seker by God. Hy lei ons die toekoms in en Hy sal sorg! **Kom ons raak vanmore ook rustig hieroor en kom tot 'n kalme geloofsbelydenis:** "waarlik, ek sal nie wegkom van God, My Herder, se goedheid en troue liefde nie!

Dawid is tweedens ook oortuig van God se persoonlike teenwoordigheid in sy lewe – ook tot in ewigheid!
Daarom sê hy "en ek sal bly terugkeer na die huis van die Here tot in lengte van dae".
Die "huis van die Here" is 'n pragtige metafoor van God se intieme en persoonlike teenwoordheid in ons lewe. Die huis van die Here verwys na die tabernakel of tent van samekoms waar die ark van God gestaan het. Die Israeliete het daardie tent gesien as die woonplek van God en wanneer hulle in die tabernakel gekom het, het hulle intiem naby aan die Here gevoel. Later is die tent van samekoms vervang met 'n pragtige geboude tempelkompleks. **In die Nuwe Testament leer ons dat God nou nie meer in tempels woon nie, maar in ons! Ons kan dus altyd verseker wees van hierdie intieme teenwoordigheid van die Here!**

Wat beteken dit prakties vir ons? Geliefdes, ons is dus nooit alleen nie! Die grootste vrees van elke mens: dat ek alleen gaan staan! Dit sal nooit met ons gebeur nie: God self is altyd by ons! Ons Herder verlaat nooit ons sy nie! En omdat dit waar is, hou die toekoms vir Dawid nie vrees of onsekerheid in nie. Hy is nie bang vir wat nog in die toekoms moet gebeur nie, want in psalm 18 sê hy "met my God spring ek oor 'n muur!" Hy maak my hande sterk! Ek sal nie bang wees nie!
Ons hoef nie die toekoms te vrees nie, want God is reeds daar! Ons Herder loop mos voor ons uit, Hy lei ons die toekoms in.

Daarom kan ons gerus en verseker wees! Selfs tot in die dood! Want in vers 6 praat Dawid ook ewigheidstaal. Die taal wat Jesus in Johannes 14 ook gebruik wanneer Hy vir sy dissipels en vir ons sê: "Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. [2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Brs. en srs., wat 'n wonderlike troos en versekering: my plek in die Huis van God is gereed! Die dag as die Here my kom haal, gaan woon ek saam met God in sy paleis.

Daar gaan ons die heerlike persoonlike gemeenskap met God beleef wat vir ons ewige vreugde en blydskap inhou! Ja, ons sal bly in die huis van die Here tot in lengte van dae!

Geliefdes, kom ons gaan dan die toekoms tegemoet met blydskap en sonder vrees want hier aan die einde van psalm 23 kom ons saam met Dawid tot rus en weet nou verseker: Waarlik, ons toekoms is veilige en verseker by God, ons Herder.

Amen

Kom ons bely dit nou uit psalm 23